GEMERK DEUR GIGI!

is dit, dit was net 'n storie wat ons gaan vertel het. Mense sit, dis 'n lekker storie, hulle lag lekker, daar's intrige, dis nie heavy teater nie.

Snake: En hoe het jy die hele Klein Karoo fees experience?

Gigi: Wonderlik! Uiters professioneel. Die shows wat ek gaan kyk het was goed, die klank was goed, die beligting was goed, selfs op die Rimpelfees. 'n Mens voel baie kreatief as jy terugkom. En ons vat nou die play Potchefstroom toe, na die Aardklop-fees. Hulle gaan die play bietjie re-write en hom bietjie vleis gee.

Snake: Gigi, jy sê jy het maar altyd gedans, maar hoe het die die stap ná strip geneem?

Gigi: Ooo, (giggel). Ek het 'n advertensie gesien vir 'n kabaret-danseres, en ek het gedink kabaret is soos wat Nathaniël-hulle doen. Jy het jou hoed en jou stok en daar gaan jy. Toe gaan ek soontoe en my eerste show was die middag en al wat hulle vir my gesê het is jy gaan topless en ek was gewoond daaraan want ons het dit gedoen vir die Sun International-goed. Toe het ek betrokke geraak in die besigheid en ek vind dit baie, baie interessant. Jy kan kreatief wees, jy kan jou eie show aanmekaar sit. Ek verkies nou om op my eie te werk.

Snake: Was jy benoud gewees om die deurtrekkertjie te laat val?

Gigi: Nee, nee. Ek het die eerste volle naaktoneel op universiteit by Stellenbosch gedoen. Dit was *Equus* en daar was 'n full frontal na die audience toe waar die meisie haar klere uittrek en full frontal male - 'n liefdes-scene tussen die twee en dit speel af in die perdestal. Die teater was volgeboek, ons moes die speelvlak verleng met twee weke. Al wat 'n student was, het dit gaan kyk.

Snake: Jy was seker baie gewild daarná gewees?

"Ek was al op 'n trein wat ontspoor het terwyl ek gedans het. Dit was nogal snaaks."

Gigi: Ja, ek het baie onderhoude en goed gedoen.

Snake: En waar kom jy voor Stellenbosch vandaan?

Gigi: Ek is 'n Bolandse meisie. Van die Paarl af. Ek was nou nie prefek of hoofmeisie nie, maar ek het baie goed gedoen in matriek en ek het baie vry grootgeword. Nou nog slaap mense met hul deure oop daar in die Paarl. Ek het grootgeword met die Bergrivier en tussen die wingerde. Baie lekker. My pa het musiek gegee en ek het gedans al van ek klein is. Ek kom uit 'n baie standvastige familie uit.

Snake: Wat maak jou gelukkig? Waarop gee jy jou geld uit?

Gigi: Ek hou van kunsflieks. Ek het 'n ding oor kunsflieks en Rosebank. Franse flieks, ek sal liewer gaan fliek voor ek enigiets anders doen. Ek hou van 'n goeie bord kos en ek hou van 'n goeie restaurant, jy sal my nie maklik kry in 'n klub nie, want ek werk in 'n klub elke aand. En ek hou daarvan om tyd saam met my kat te spandeer. Ek hou daarvan om my plek mooi te maak.

Snake: Is dit net jy en jou kat, of het jy iemand spesiaal in jou lewe?

Gigi: Ek praat nie daaroor nie.

Snake: Wat pis jou af, behalwe sulke persoonlike vrae?

Gigi: Onprofessionele mense. Ek hou nie van venues wat jou laat opsit nie, ek hou nie van venues wat jou nie betaal nie.

Snake: Jy het sekerlik al in 'n paar aardige situasies beland met jou werk?

Gigi: Ek was al op 'n trein wat ontspoor het terwyl ek gedans het. Dit was nogal snaaks. Ek het al op skepe gedans waar hulle besig was om met emmers water uit te skep. Ek het al op bacherlor-parties gedans waar ewe skielik al die vrouens opgedaag het!

Snake: Waar dans jy?

Gigi: By Titty Twister ná tien die nag, en ander plekke waar ek geboek word.

Gigi kan vir shows bespreek word by Executive Shows tel: (011) 794-1994 of 082 443 0456. Moet net nie by ons kom huil as sy jou boud met haar naam gebrandmerk het nie!